**Skriflesing: Handelinge 9 vers 1 tot 18**
**Tema: Saulus en Paulus**
Paulus het soiets van 'n aha-oomblik ervaar daar op die pad na Damaskus toe hy reguit in Jesus vasgeloop het. Die Griekse vertaling meen dat Paulus Jesus oog-tot-oog in die gesig gestaar het. Sien Paulus was oorval met 'n ervaring, iets het geskuif, iets het gemaak dat daar verandering kom in die manier waarop Paulus gedink het...

**Skriflesing** Handelinge 9 vers 1 tot 18

**Boodskap**
Die wêreldbekende teoloog Thomas Aquinas het by geleentheid geskryf *"To one who has faith, no explanation is necessary. To the one without faith, no explanation is possible".*
Die regte leefskuiwe begin met 'n nuwe koers in jou kop.
Miskien is jy ook soos ek - en ek kan sommer nou maar begin deur te bely dat ek nie alles altyd onder beheer het nie. Inteendeel: ons lees dat Paulus daar in Romeine 7 vers 19 ook bely dat te midde van sy ontmoeting met Jesus "die goeie dinge wat ek wil doen, doen ek nie". Paulus se innerlike stryd oor die goeie wat hy wil doen, maar nie gedoen kry nie, is aan die meeste van ons goed bekend. Ons weet dit uit ervaring uit. Ons wil so goed doen en ons het al hierdie goeie voornemens maar as die oomblik aanbreek, dan sien ons onsself misluk.

Die meeste van ons wat hier sit, het die lewenslig in ons lewens ervaar en beleef. Tog is dit hierdie einste kop wat ons so dikwels verdeel tussen die goeie wat ons wil en die slegte wat ons nie wil doen nie. Ons koppe is soms vasgevang tussen wat ons emosies begeer en wat ons rasionele denke weet die beste is vir ons. Dis soos wanneer jy in die winkel staan en weet jy het nie die geld vir 'n "bean to cup" koffiemasjien nie, maar elke keer as jy een sien, dan is jou emosies net so op hol dat jy net wil uitskree:"Waar betaal ek, waar betaal ek!?"

Die wonderlike nuus is dat hierdie pragtige stryd tussen jou emosies en jou rasionele denke die mooiste teken is dat jy waarlik mens is. So jy kan ontspan! Jy is mens en jy is normaal! Dit sê ook dat jy deel is van 'n lang lys van gelowiges wat ook hierdie stryd gevoer het tussen vlees en gees in Galasiërs 5. Hierdie geveg tussen jou begeertes en jou wil te midde van jou bekering in Jesus is 'n nimmereindigende en lewenslange stryd. Dit word nie makliker nie, jy word net beter om dit te bestuur.

As ons as gelowiges 'n totale lewensverandering in die rigting van Jesus wil maak soos Saulus, dan moet ons besef dat ons emosies en ons rasionele denke beide moet inkoop op die koers van die lewe. Rasionele denke alleen sal jou nie deurtrek nie, jy moet ook gemotiveerd voel. Dit is juis daardie olifant in jou kop wat dinge op die langtermyn gedoen kry met sy krag en diep emosies. Terselfdertyd is dit weer die ruiter wat die logiese beplanning en koers vir hierdie veranderinge moet verskaf.

Mense wat ernstig is oor die Here wil nie altyd op dieselfde plek stilstaan in hulle geloofsreis nie. Hulle wil skuifbaar en oop wees. Die probleem onder Christene is egter dat groei verandering benodig. Vir enige vorm van groei, is verandering die primêre faktor. En verandering is vir gelowiges moeilik want die plek waar hulle gaan stilstaan of kampeer of noem dit wat jy wil in hulle geloofsreis is veilig en gemaklik geword. As daar een persoon is wat ons hiermee kan help is dit ou gelowige Paulus. Die Filippense brief is 'n getuigskrif van hoe Paulus oor die jare geleer het om sy emosies, denke en wil met

God se wil te sinkroniseer. Die woorde van Filippense is neergelê vanuit die tronkselle, daardie seisoen van Paulus se lewe toe alles donker en onseker gelyk het. Paulus het nie geweet of hy sou lewe of sterf nie. Die bestanddele vir 'n diepe emosionele put is alles daar om hom en teenwoordig. Paulus sou genoeg rasionele redes kon uitdink om omgekrap en kwaad te wees.

Enige bekering is 'n pynlike ervaring. Dit konfronteer jou met jou ware self. Wanneer God se lig op jou skyn, word al die donkerte binne jou ontbloot. Dan sien jy dat jou lewe een groot valse voorhou-sessie is. Dis soos om voor 'n koning te verskyn sonder al jou maskers en leuens. En in plaas daarvan dat jy glinsterende geskenke by die voete van die koning kom neersit het jy net arms vol sonde.

Gelukkig vir ons is bekering ook 'n genesende ervaring. Pynlik, ja verseker, maar dis ook daardie moment wanneer jy die soetwater van die ewige lewe vir die eerste maal proe, want hy staan nou in die teenwoordigheid van Jesus Christus. Dis is Hy wat Sy lewe vir mense soos jy kom opoffer het. Hy staan voor jou met oop arms en nie 'n rottang nie. Dis Hy wat daar en dan jou moeë liggaam op Sy skouers tel en jou terugdra na die Vader se huis toe. Van daardie oomblik af is jy in permanente greep van Goddelike genade. Van nou af gaan dit oor 'n verhouding met Christus, nie oor een stel nuwe reëls wat maar net die voriges vervang nie.

Toe Paulus vir Jesus gesien het op die pad na Damaskus, het daardie een kyk van genade sy lewe vir altyd verander. Van toe af het hy net een doel voor oë gehad, een droom, een reuse-ideaal – om vir Christus te leef. In Filippense 1 vers 21 deel hy sy visie met ons "om te lewe beteken vir my om vir Christus te lewe". Paulus se kop het geskuif na 'n elke-dag-altyd-orals ingesteldheid. Paulus het geleer om sy rasionele oortuiging of emosionele gevoelens te sinkroniseer met God se wil vir sy lewe.

**Deon Els**

Gemeenteleraar
***Jeug en Gesinsbediening / Kleingroepe***

2 Gazanialaan, Sunridgepark, Port Elizabeth
Tel: 041 360 1484
Sel: 072 276 7555

NG Kerk KraggaKamma
*Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai*